- * **prosedures** ingevolge waarvan 'n werknemer inligting met betrekking tot 'n misdryf of 'n wanpraktyk deur sy of haar werkgever of mede-werknemers in die werkplek kan bekend maak; en
- * **beskerming** van 'n werknemer, wat 'n bekendmaking in ooreenstemming met die prosedures van die Wet gemaak het, teen enige weerwraak as gevolg van sodanige bekendmaking.

2. Hoe die Wet werk

Geen werknemer mag deur sy of haar werkgever geviktimiseer of gestraf word nie as 'n direkte of indirekte gevolg daarvan dat hy of sy 'n bekendmaking gedoen het in ooreenstemming met enige van die **prosedures** in die Wet vervat².

Hierdie **prosedures** kan as **roetes** beskryf word wat gevolg kan word ten einde inligting bekend te maak wat een of meer van die volgende aantoon—

- * dat 'n misdaad gepleeg is, gepleeg word of waarskynlik gepleeg gaan word;
- * dat 'n persoon versuim het, besig is om te versuim of waarskynlik gaan versuim om aan 'n regsplig, waaraan daardie persoon onderhewig is, te voldoen;
- * dat 'n onreg in die regspleging plaasgevind het, plaasvind of waarskynlik gaan plaasvind;
- * dat die gesondheid of veiligheid van 'n individu in gevaar gestel is, in gevaar gestel word of waarskynlik in gevaar gestel gaan word;
- * dat die omgewing beskadig is, beskadig word of waarskynlik beskadig gaan word;

- * onbillike diskriminasie soos beoog in die "Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act, 2000" (Wet No. 4 van 2000)³; of
- * dat enige aangeleentheid hierbo uiteengesit opsetlik verberg is, verberg word of waarskynlik verberg gaan word.

Die Wet was op 16 Februarie 2001, **geïmplementeer** en is van toepassing op enige bekendmaking wat na 16 Februarie 2001 gedoen is (dit is irrelevant wanneer die onbehoorlikheid plaasgevind het, mits die bekendmaking na 16 Februarie 2001 gedoen is).

Dit is **belangrik** om kennis te neem dat geen bepaling in 'n werkskontrak of ander ooreenkoms wat op die werkgewer en werknemer verhouding van toepassing is kan poog om enige bepaling van die Wet uit te sluit of—

- * poog om 'n werknemer te verhoed; of
- * 'n werknemer te ontmoedig,

om 'n beskermende bekendmaking te doen. Sodanige bepaling (in 'n werkskontrak) of ooreenkoms (tussen 'n werkgewer en werknemer) het geen regsrag nie.

3. Hoe doen ek 'n bekendmaking?

Indien 'n werknemer besluit om die "fluitjie te blaas" met betrekking tot kriminele gedrag of wanpraktyke in die werkplek, kan hy of sy daardie inligting bekendmaak aan—

- * 'n regsverteenvoerder (roete 1);
- * sy of haar werkgewer (roete 2);
- * 'n Minister of 'n Lid van die Uitvoerende Raad van 'n provinsie (LUR) (roete 3);
- * 'n bepaalde persoon of liggaam (roete 4); of
- * 'n ander persoon, onder sekere omstandighede (roete 5).

3 Die Wet is nie in Afrikaans beskikbaar nie.

Enige **roete** kan gebruik word om die "fluitjie te blaas", maar neem kennis dat elke **roete** sekere **vereistes** het waaraan voldoen moet word.

REGSVERTENWOORDIGER: (ROETE 1)⁴

In baie gevalle wil 'n werknemer eers regsadvies inwin aangaande die maak van 'n bekendmaking ingevolge die Wet, en in die proses, 'n bekendmaking aan die betrokke regsadviseur doen.

Vereistes:

- * Die persoon wat om advies genader word moet 'n regsverteenvoordiger wees wie se beroep met die verlening van regsadvies gemoeid is (byvoorbeeld, 'n prokureur of regsverteenvoordiger van die werknemer se vakbond).
- * Die inligting moet gegee word vir doeleindes van die inwin van regsadvies.

WERKGEWER (ROETE 2)⁵

'n Werknemer kan 'n bekendmaking aan sy of haar werkgever doen.

Vereiste:

- * 'n Werknemer moet **in goeie trou** optree wanneer hy of sy die inligting openbaar ("goeie trou" beteken dat die werknemer op 'n verantwoordelike en eerlike wyse moet optree sonder enige bedoeling om persoonlike voordeel uit die bekendmaking te verkry).

Neem kennis dat:

- * 'n Werkgever kan besluit om sekere prosedures voor te skryf ingevolge waarvan bekendmakings gedoen moet word, selfs dat 'n bekendmaking aan 'n ander persoon as die werkgever gedoen

⁴ Artikel 5 van die Wet.

⁵ Artikel 6 van die Wet.

moet word ('n bekendmaking van hierdie aard word geag 'n bekendmaking aan die werkgewer te wees).

- * Baie werkgewers het anti-korrupsie aanmeldingspunte ingestel wat werknemers kan gebruik om misdrywe in die werkplek aan te meld (vra jou werkgewer of hy of sy so 'n aanmeldingspunt ingestel het).

MINISTER OF LUR VAN 'N PROVINSIE: (ROETE 3)⁶

'n Werknemer kan 'n bekendmaking aan 'n Minister of 'n LUR van 'n provinsie doen.

Vereistes:

- * Die werknemer moet in goeie trou optree wanneer hy of sy die inligting openbaar.
- * Hierdie prosedure geld net indien die werknemer se werkgewer—
 - * 'n individu is wat deur die betrokke Minister of LUR ingevolge wetgewing aangestel is; of
 - * 'n liggaam (bv. 'n raad of ander instelling) deur die betrokke Minister of LUR ingevolge wetgewing aangestel; of
 - * 'n staatsorgaan is waarvoor die betrokke Minister of LUR verantwoordelik is. 'n Staatsorgaan is enige staatsdepartement of administrasie in die nasionale of provinsiale regeringsfeer of enige munisipaliteit in die plaaslike regeringsfeer of enige ander funksionaris of instelling wat ingevolge die Grondwet of 'n provinsiale grondwet 'n bevoegdheid uitoefen of 'n funksie verrig of ingevolge wetgewing 'n openbare bevoegdheid uitoefen of 'n openbare funksie verrig.

6

Artikel 7 van die Wet.

SEKERE PERSOON OF LIGGAAM: (ROETE 4)⁷

'n Werknemer kan, op hierdie stadium 'n bekendmaking aan die **Openbare Beskermer** of **Ouditeur-generaal** doen.

Die **Openbare Beskermer** is 'n hoë-vlak onafhanklike amptenaar wat klagtes teen staatsinstellings of –beamptes ontvang en wat onbehoorlike benadeling van 'n klaer of klaagster as gevolg van byvoorbeeld magismisbruik, ondersoek. Wanbestuur, oneerlikheid of onbehoorlike transaksies met betrekking tot staatsgeld, onbehoorlike verryking en ontvangs van onbehoorlike voordele kan ook ondersoek word. (Sien Deel III vir kontakbesonderhede.)

Die **Ouditeur-generaal** wie ook 'n hoë-vlak amptenaar is moet die rekeninge, finansiële state en finansiële bestuur van alle nasionale en provinsiale departemente en administrasies, alle munisipaliteite en ander instellings en enige ander rekenpligtige instelling aldus deur nasionale of provinsiale wetgewing vereis, oudit. (Sien Deel III vir kontakbesonderhede.)

Vereistes:

- * Die bekendmaking moet in goeie trou gedoen word.
- * Die werknemer moet redelikerwys glo dat die betrokke onbehoorlikheid wat hy of sy wil openbaar binne 'n beskrywing val van aangeleenthede wat in die gewone loop van sake deur die Openbare Beskermer of Ouditeur-generaal gehanteer word; en
- * die inligting wat bekend gemaak word, en enige aantyging daarin vervat, wesenlik waar is.

ALGEMENE BEKENDMAKING: (ROETE 5)⁸

'n Werknemer kan selfs 'n bekendmaking doen aan enige persoon, byvoorbeeld, 'n lid van die pers (mense wat vir radio of televisie stasies of koerante werk), 'n polisie beampte van die Suid-Afrikaanse Polisediens of

⁷ Artikel 8 van die Wet.

⁸ Artikel 9 van die Wet.

'n persoon wat vir 'n organisasie werk wat die openbare of privaat sektor dophou, maak.

Vereistes:

- * Die werknemer moet in goeie trou optree.
- * Die werknemer moet redelikerwys glo dat die inligting wesenlik waar is.
- * Dit moet, in al die omstandighede van die geval, redelik wees om die bekendmaking te doen, met inbegrip van—
 - * die identiteit van die persoon aan wie die bekendmaking gedoen word;
 - * die erns van die onbehoorlikheid;
 - * of die onbehoorlikheid steeds voortduur of waarskynlik in die toekoms sal plaasvind;
 - * of die bekendmaking strydig met 'n vertrouenspilig van die werkgewer teenoor 'n ander persoon gedoen word;
- * Die werknemer moet nie die bekendmaking vir doeleindes van persoonlike gewin, met die uitsondering van 'n beloning ingevolge 'n wet betaalbaar, doen nie.
- * Een of meerdere van die volgende moet geld—
 - * Die werknemer moet glo dat hy of sy aan 'n beroepsnadeel onderwerp sal word (sien paragraaf 4 vir meer inligting) indien die bekendmaking aan die werkgewer gedoen word; of
 - * die werknemer moet glo dat die werkgewer bewysmateriaal met betrekking tot die misdryf of wanpraktyk sal verberg of vernietig indien die bekendmaking aan die werkgewer gedoen sou word; of
 - * geen stappe was geneem ten opsigte van 'n vorige bekendmaking van wesenlik dieselfde feite aan die werkgewer nie; of

- * die kriminele oortreding of wanpraktyk van 'n buitengewone ernstige aard is.

4. Teen wat word ek beskerm?

Die Wet verbied 'n werkgewer om 'n werknemer aan, wat 'n "beroepsnadeel" genoem word, te onderwerp. 'n Beroepsnadeel vind plaas wanneer 'n werknemer—

- * aan dissiplinêre stappe onderwerp word;
- * ontslaan, geskors, gedegradeer, geteister of geïntimideer word;
- * teen sy of haar wil verplaas word;
- * verplasing of bevordering geweier word;
- * aan 'n beding of voorwaarde van diens of aftrede onderwerp word wat tot sy of haar nadeel verander, of onveranderd gehou, word;
- * 'n getuigskrif geweier word, of van 'n nadelige getuigskrif voorsien word;
- * aanstelling in 'n werk, professie of amp geweier word;
- * met enige optrede hierbo gedreig word; of
- * andersins nadelig geraak word met betrekking tot sy of haar diens, professie of amp, met inbegrip van werkgeleenthede en werksekerheid,

as 'n direkte of indirekte gevolg daarvan dat hy of sy 'n beskermde bekendmaking gedoen het.

5. Wat doen ek as ek geviktimizeer is as gevolg van bekendmaking?⁹

'n Werknemer wat onderwerp was, onderwerp word of aan 'n beroepsnadeel onderwerp kan word as gevolg daarvan dat hy of sy 'n bekendmaking gedoen het kan enige hof wat jurisdiksie het vir beskerming nader.

⁹

Artikel 4 van die Wet.

Die Wet hou met die werkgewer/werknemer verhouding verband, derhalwe kan 'n werknemer ook die bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995), gebruik om hom- of haarself daarteen te beskerm om aan 'n beroepsnadeel onderwerp te word.

Byvoorbeeld:

- * Indien 'n werknemer **ontslaan** word as gevolg van 'n bekendmaking wat hy of sy ingevolge die Wet op Beskernde Bekendmakings, 2000, gedoen het, word daardie ontslag geag 'n "**outomaties onbillike ontslag**" vir doeleindes van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, te wees.
- * Alle **ander vorme van beroepsnadeel** in paragraaf 4 hierbo uitgelig, word geag "**onbillike arbeidspraktyke**" vir doeleindes van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, te wees.

Vra jou vakbond om jou van advies te voorsien met betrekking tot jou remedies en hoe jy jou remedies kan afdwing.

'n Werknemer kan ook, indien dit redelik moontlik of doenlik is, versoek om **verplaas** te word vanaf die pos of posisie deur hom of haar ten tye van die bekendmaking bekleed, na 'n ander pos of posisie in dieselfde afdeling of 'n ander afdeling of indien die werknemer wat die bekendmaking doen vir 'n staatsorgaan werk om na 'n ander staatsorgaan verplaas te word.¹⁰ Die terme en diensvoorwaardes van 'n persoon wat verplaas is kan nie sonder sy of haar instemming minder gunstig wees as die terme en voorwaardes wat onmiddellik voor sy of haar verplasing van toepassing was nie.

10. Artikel 4 van die Wet.

DEEL II

6. Is daar enige ander prosedures om 'n onbehoorlikheid aan te meld of te remediër?

Daar is ander prosedures, **bykomend tot die in die Wet op Beskernde Bekendmakings, 2000**, wat beskikbaar is aan werknemers wat onbehoorlikhede in die werkplek will aanmeld, naamlik—

6.1 Die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994):

Die Staatsdienswet¹¹ maak daarvoor voorsiening dat 'n klag of grief met betrekking tot 'n amptelike handeling of versuim deur die Staatsdienskommissie ondersoek kan word. 'n Werknemer kan 'n klagte of grief by die betrokke uitvoerende gesag, in die Staatsdienswet omskryf, aanmeld¹². Indien daardie klagte of grief nie tot bevrediging van die werknemer opgelos is nie, moet die uitvoerende gesag daardie klagte of grief by die Staatsdienskommissie inhandig.

Die term "uitvoerende gesag" beteken, met betrekking tot—

- (a) die Presidensie, die President;
- (b) die Adjunk Presidensie, die Adjunk President;
- (c) 'n departement of 'n regeringskomponent binne 'n Kabinetsportefeulje, die Minister verantwoordelik vir sodanige portefeulje;
- (d) die Kantoor van die Staatsdienskommissie, die Voorsitter van die Kommissie;
- (e) die Kantoor van 'n Premier van 'n provinsie, die Premier van daardie provinsie; en
- (f) 'n provinsiale departement binne 'n Uitvoerende Raadportefeulje, die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir sodanige portefeulje.

11. Artikel 35(1) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994).

12. Artikel 1 van die Staatsdienswet, 1994.

Nadat die Staatsdienskommissie sodanige klagte of grief ondersoek en dit oorweeg het, kan die Kommissie aanbeveel dat die betrokke uitvoerende gesag ingevolge 'n besondere bepaling of bepalings van die Staatsdienswet, 1994, of enige ander wet optree, indien, met inagneming van die omstandighede van die geval, die Kommissie dit goed ag om sodanige aanbeveling te maak¹³. Die mees onlangse reëls, met ingang van 19 September 2003, was in Goewermentskennisgewing No. 25209 kragtens Goewermentskennisgewing No. R. 1012 van 25 Julie 2003 gepubliseer. Hierdie reëls is ook beskikbaar op die webblad van die Staatsdienskommissie, by die volgende adres.

<http://www.psc.gov.za/docs/pubs/govgazette/25209.pdf>. (Sien Deel III vir die kontakbesonderhede.)

Die Gedragskode vir die Staatsdiens¹⁴ plaas ook 'n verpligting op 'n werknemer om sekere aangeleenthede te rapporteer en bepaal as volg:

An employee, in the course of his or her official duties, shall report to the appropriate authorities, fraud, corruption, nepotism, maladministration and any other act which constitutes an offence or which is prejudicial to the public interest.

'n Werknemer wat versuim om aan hierdie bepaling te voldoen is aan wangedrag skuldig.¹⁵

Bovermelde is van toepassing op persone wat in die staatsdiens werk, naamlik—

- (a) werknemers van alle nasionale departemente, provinsiale administrasies en provinsiale departemente en regeringskomponente in Bylaes 1 tot 3 van die Staatsdienswet, 1994, gelys; en
- (b) werknemers in die Suid-Afrikaanse Polisediens, die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, Departement van Korrektiewe Dienste, opvoedkundige staatsinstellings, soos

13. Artikel 35(2) van die Staatsdienswet, 1994.

14. Regulasie C.4.10 van Hoofstuk 2 van die Staatsdiensregulasies, 2001, (nie in Afrikaans beskikbaar nie).

15. Regulasie B.3 van Hoofstuk 2 van die Regulasies.

omskryf in die Staatsdienswet, 1994, die Nasionale Intelligensie-agentskap, en Suid-Afrikaanse Geheime diens, maar slegs insoverre dit nie strydig is met die wetgewing wat op hul indiensneming van toepassing is nie.

6.2 Die "Defence Act, 2002 (Act 42 of 2002)"¹⁶:

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag verskaf werk aan twee kategorieë werknemers, naamlik persone wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994, of ingevolge die "Defence Act, 2002", in diens geneem is.

Persone wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994, in diens geneem is, is aan die bepalings vermeld in paragraaf 6.1 hierbo, onderhewig en persone wat ingevolge die "Defence Act, 2002", in diens geneem is, is onderhewig aan die Reglement van Dissipline¹⁷ wat, onder andere, as volg bepaal:

Artikel 7: Misdrywe met betrekking tot die versuim van 'n persoon om bedrywighede wat waarskynlik die veiligheid van die SA Weermag in gevaar stel by sy of haar senior offisier aan te meld;

Artikel 21: 'n Persoon wat bewus is of vermoed dat 'n misdryf met betrekking tot die verkryging van of beskikking oor staatseiendom gepleeg is of dalk gepleeg gaan word moet dit onverwyld by sy of haar senior offisier aanmeld;

Artikel 134: 'n Griewe prosedure wat deur 'n persoon gevolg moet word wat verontreg voel deur enige handeling of versuim van enige persoon wat aan die Reglement onderworpe is.

16. Die Wet is nie in Afrikaans beskikbaar nie.

17. Die Eerste Bylae tot die Verdedegingswet, 1957 (Wet 44 van 1957).

6.3 Die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, 1995 (Wet 68 van 1995):
Die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie¹⁸, maak daarvoor voorsiening dat 'n werknemer wangedrag pleeg indien hy of sy enige klagte of nadelige inligting in verband met 'n ander werknemer of iemand wat vir die Diens werk weerhou of onredelik vertraag. Die betrokke regulasie moet gelees word met regulasie 18(9) wat daarvoor voorsiening maak dat 'n werknemer wangedrag pleeg indien die werknemer bewustelik 'n valse aanklag lê teen 'n werknemer of teen iemand wat vir die Diens werk, of tydens 'n ondersoek of verhoor 'n valse verklaring aflê of opsetlik materiële feite onderdruk of verberg.

Die Onafhanklike Klagtesdirektoraat¹⁹, ondersoek klagtes in verband met misdrywe of wangedrag wat deur lede van SAPD gepleeg word. Die Teen-Korrupsie Bevel Eenheid in besonder ondersoek klagtes van korrupsie teen lede van die SAPD. Die Nasionale Inspektoraat is 'n verdere meganisme wat beskikbaar is om klagtes teen lede van die SAPD te ondersoek.

Nasionale Instruksie 1 van 1999 vervat spesiale reëlings met betrekking tot lede wat inligting aan die Georganiseerde Misdadseenheid van die SAPD voorsien. 'n Lid of ander werknemer van die SAPD wat inligting aan die Georganiseerde Misdadseenheid verskaf het kan skriftelik by Divisie Kommissaris: Personeelbestuur aansoek doen om 'n tydelike of permanente verplasing of dat sodanige ander reëling met betrekking tot die verrigting van sy of haar pligte en werksaamhede getref word. Die betrokke aansoek moet by die Bevelvoerder: Georganiseerde Misdad ingehandig word wat dan 'n aanbeveling aan die Divisie Kommissaris: Personeelbestuur met betrekking tot die aansoek sal maak.

-
18. Regulasie 18(10) van die Suid-Afrikaanse Polisie Dissiplinêre Regulasies, kragtens artikel 24(1)(g) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, 1995, uitgevaardig.
 19. Ingestel ingevolge artikels 50 tot 54 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, 1995.

6.4 Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 [Wet 107 van 1998]:

Bewysmateriaal van 'n omgewingsrisiko kan, ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur²⁰, aan—

- * 'n Parlementêre Komitee of 'n provinsiale wetgewer;
- * 'n staatsorgaan wat vir die omgewing of nooddienste verantwoordelik is;
- * die Openbare Beskermer;
- * die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie;
- * die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings,

openbaar gemaak word.

'n Bekendmaking kan ook aan een of meerdere media instellings, onderhewig aan sekere vereistes in artikel 31 vermeld, gedoen word.

6.5 Die Wes-Kaapse Wet op die Provinsiale Openbare Beskermer, 1994 [Wet 6 van 1994]:

Die Wes-Kaapse Wet op die Provinsiale Openbare Beskermer²¹, maak daarvoor voorsiening dat enige persoon (wat werknemers van die Wes-Kaapse Provinsie insluit) kan enige—

- * wanadministrasie in verband met regeringsaangeleenthede op provinsiale en plaaslike vlak;
- * misbruikmaking of onregverdige uitoefening van mag of onbillike, wispelturige, onbeleefde of ander onbehoorlike optrede of onverskoonbare vertraging deur 'n persoon wat 'n openbare werksaamheid verrig;
- * onbehoorlike of oneerlike handeling of late of korrupsie ten opsigte van openbare fondse;
- * onbehoorlike of onregmatige verryking, of ontvangs van enige onbehoorlike voordeel, of belofte van sodanige verryking of voordeel, deur 'n persoon as gevolg van 'n

20. Artikel 31 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998.

21. Artikels 4(1) en 5(1) en (2) van die Wes-Kaapse Wet op die Provinsiale Openbare Beskermer, 1994.

handeling of late in die staatsadministrasie of in verband met regeeringsaangeleenthede op provinsiale of plaaslike vlak of van 'n persoon wat 'n openbare werksaamheid verrig; of

- * handeling of late deur 'n persoon in diens van die regering op provinsiale of plaaslike vlak of 'n persoon wat 'n openbare werksaamheid verrig wat tot onregmatige of onbehoorlike benadeling vir enige ander persoon tot gevolg het,

aan die Wes-Kaapse Provinsiale Openbare Beskermer bekend maak, wat kan poog om enige geskil op te los of enige handeling of late reg te stel deur middel van bemiddeling, versoening of onderhandeling. Waar die feite die pleeg van 'n misdryf openbaar sal die aangeleentheid onder die aandag van die betrokke Direkteur van Openbare Vervolgings gebring word.

6.6 Die volgende direkte, indirekte of ondersteunende remedies is beskikbaar vir staatsdiens werknemers:

(a) Direkte remedies:

- * 'n Staatsdiens werknemer kan **arbeidsreg remedies** met betrekking tot amptelike handeling of versuim van 'n arbeidsaard gebruik (byvoorbeeld, onregverdig ontslag of onregverdig arbeidspraktyk soos omskryf in artikels 185 – 188 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995). 'n Dispuut kan na die betrokke onderhandelingskamer wat jurisdiksie het, byvoorbeeld die Koördinerende Staatsdiens Bedingingsraad (KSB) of een van die sektorale bedingingsrade van die KSB, byvoorbeeld die Algemene Staatsdiens Sektorale Bedingingsraad verwys word.
- * 'n Staatsdiens werknemer kan ook 'n klagte by 'n arbeidsinspekteur lê aangaande beweerde oortreding van die **Wet op Basiese Diensvoorwaardes**.²² 'n Werknemer kan ook 'n klagte by 'n vakbond verteenwoordiger of vakbond beampte lê aangaande

22. Artikel 78(1) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997).

- enige beweerde versuim of weiering deur 'n werkgewer om aan die Wet op Basiese Diensvoorwaardes te voldoen.
- * Sodanige werknemer kan enige beweerde oortreding van die **Employment Equity Act**²³ onder die aandag van 'n ander werknemer, 'n werkgewer, 'n vakbond, 'n arbeidsinspekteur, 'n werkplekforum, die Direkteur-generaal: Arbeid of die Kommissie vir "Employment Equity" bring. 'n Dispuut met betrekking tot onregverdig diskriminasie in enige indiensnemingsbeleid of gebruik, soos omskryf in die "Employment Equity Act" kan na die Kommissie vir Konsiliasie, Mediasie en Arbitrasie²⁴ verwys word.
 - * 'n Staatsdiens werknemer kan 'n klagte by die **Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie**²⁵ met betrekking tot 'n amptelike handeling of versuim wat vermoedelik 'n bedreiging vir 'n fundamentele reg inhou, lê.
 - * 'n Werknemer kan ander regsremedies gebruik soos die instel van verrigtinge vir die hersiening van administratiewe optrede ingevolge die **Promotion of Administrative Justice Act**,²⁶ of aansoek doen vir 'n interdik om 'n oortreding te vermy of die voortsetting van 'n oortreding stop te sit²⁷.

(b) Indirekte/ondersteunende remedies:

'n Staatsdiens werknemer kan ook—

- * redes vir administratiewe optrede ingevolge die **Promotion of Administrative Justice Act, 2000**²⁸;

23. "Section 34 of the Employment Equity Act, 1998 (Act 55 of 1998)" (Wet is nie in Afrikaans beskikbaar nie).

24. "Chapter II of the Employment Equity Act, 1998".

25. Artikel 8 van die Wet op die Menseregtekommissie, 1994 (Wet 54 van 1994).

26. "Section 6 of the Promotion of Administrative Justice Act, 2000 (Act 3 of 2000)" (Wet is nie in Afrikaans beskikbaar nie).

27. "Section 8 of the Promotion of Administrative Justice Act, 2000".

28. "Section 5 of the Promotion of Administrative Justice Act, 2000".

- * toegang tot rekords van 'n staatsdepartement of ander openbare liggaam ingevolge die **Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000**²⁹

versoek.

DEEL III

7. Algemene inligting

Kontak besonderhede van Openbare Beskermer³⁰

Nasionale Kantoor: Privaatsak X677

PRETORIA
0001

(012) 366 7000 / 0800 112040 (tel)
(012) 362-3473 / 086 575 3292 (faks)

Oos-kaap Kantoor: Posbus 424
BISHO
5605

(040) 635-1286 (tel)
(040) 635-1291 (faks)

Noord-wes Kantoor: Posbus 512
MAFIKENG
2745

(018) 381-1060 (tel)
(018) 381-2066 (faks)

Wes-kaap Kantoor: Posbus 712
Kaapstad
8000

29. Artikel 11 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000).

30. Vir doeleindes van artikel 8(1)(a) van die Wet.

(021) 423 8644 (tel)
(021) 423 8708 (faks)

Kontak besonderhede van Ouditeur-generaal³¹

Posbus 446
Pretoria
0001

Tel: 012 – 4268000
Faks: 012 – 4268333

Kontak besonderhede van Staatsdienskommissie³²

Hoofkantoor: Privaatsak X 121
 Pretoria
 0001
 Tel: 012 – 3287690
 Faks: 012 – 325 8382

Oos-kaap: Posbus 2167
 King William's Town
 5601
 Tel: 043 – 6434704
 Faks: 043 – 6421371

Gauteng: Posbus 8962
 Johannesburg
 2000
 Tel: 011 – 8335721/2/3/4/5/6

31. Vir doeleindes van artikel 8(1)(b) van die Wet.
32. Vir algemene inligting.

Faks: 011 – 8341200

Mpumalanga:

Posbus 11303

Nelspruit

1200

Tel: 013 – 7554070

Faks: 013 -7525814

Limpopo:

Privaatsak X 9543

Polokwane

0700

Tel: 015 – 291 4783

Faks: 015 – 291 4683

Wes-kaap:

Posbus 2078

Kaapstad

8000

Tel: 021 – 421 3980

Faks: 021 – 421 4060

Vrystaat:

Privaatsak X 20572

Bloemfontein

9300

Tel: 051 – 4488696

Faks: 051 – 4484135

KwaZulu-Natal:

Privaatsak X 9130

Pietermaritzburg

3200

Tel: 033 – 3451621

Faks: 033 – 3458505

Noord-kaap: Privaatsak X 5071
 Kimberley
 8300
 Tel: 053 – 8326222
 Faks: 053 – 8326225

Noord-wes: Privaatsak X 2065
 Mmabatho
 2735
 Tel: 018 – 384 1000
 Faks: 018 – 384 1012

Kontak besonderhede van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie³³

Privaatsak X2700
HOUGHTON
2041
Tel: 011 – 484 8300
Faks: 011 – 484 0582

Kontak besonderhede van die Kommissie vir Geslagsgelykheid³⁴

Posbus 32175
BRAAMFONTEIN
2017
Tel: 011 – 403 7182
Faka: 011 – 403 7188 / 5609

33. Vir algemene inligting.

34. Vir algemene inligting.

DEEL IV**WET OP BESKERMDE BEKENDMAKINGS 26 VAN 2000**

[GOEDGEKEUR OP 1 AUGUSTUS 2000] [DATUM VAN INWERKINGTREDING: 16 FEBRUARIE 2001]
(Engelse teks deur die President geteken)

WET

Om voorsiening te maak vir prosedures ingevolge waarvan werknemers in beide die privaat en die openbare sektor inligting in verband met onwettige of onreëlmatige optrede deur hul werkgewers of ander werknemers in die diens van hul werkgewers kan bekend maak; om voorsiening te maak vir die beskerming van werknemers wat 'n bekendmaking doen wat ingevolge hierdie Wet beskerm word; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Aanhef

Met erkenning dat—

- die Handves van Regte in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, die regte van alle mense in die Republiek bewaar en die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid bevestig;
- artikel 8 van die Handves van Regte voorsiening maak vir die horisontale toepassing van die regte in die Handves van Regte, met inagneming van die aard van die reg en die aard van enige verpligting wat deur die reg opgelê word;
- kriminele en ander onbehoorlike optrede in staatsorgane en privaatliggame nadelig is vir goeie, effektiewe, verantwoordbare en deursigtige staatsbestuur in staatsorgane en oop en goeie korporatiewe bestuur in privaatliggame, en die ekonomiese stabiliteit van die Republiek in gevaar kan stel en die potensiaal inhou om sosiale leed te berokken;

En gedagtig daaraan dat—

- nóg die Suid-Afrikaanse gemene reg nóg die statutêre reg voorsiening maak vir meganismes of prosedures ingevolge waarvan werknemers, sonder vrees vir vergelding, inligting kan bekend maak wat verband hou met vermoedelik of beweerde kriminele of ander onreëlmatige gedrag deur hul werkgewers, hetsy in die privaat of die publieke sektor;
- elke werkgewer en werknemer 'n verantwoordelikheid het om kriminele en ander onreëlmatige gedrag in die werkplek bekend te maak;
- elke werkgewer 'n verantwoordelikheid het om alle nodige stappe te doen ten einde te verseker dat werknemers wat sodanige inligting bekend maak van weerwraak as gevolg van sodanige bekendmaking beskerm word;

En ten einde—

- 'n kultuur te skep wat die bekendmaking van inligting deur werknemers met betrekking tot kriminele en ander onreëlmatige optrede in die werkplek op 'n verantwoordelike wyse sal fasiliteer deur die daarstelling van omvattende statutêre riglyne vir die bekendmaking van sodanige inligting en beskerming teen vergelding as gevolg van sodanige bekendmakings;
- die uitwissing van kriminele en ander onreëlmatige optrede in staatsorgane en privaatliggame te bevorder,

WORD DAAR DERHALWE BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomsrywings

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—
 - (i) "*bekendmaking*" enige bekendmaking van inligting rakende enige optrede van 'n *werkgewer*, of 'n *werknemer* van daardie *werkgewer*, wat gedoen word deur 'n *werknemer* wat rede het om te glo dat die betrokke inligting een of meer van die volgende aantoon:
 - (a) Dat 'n misdaad gepleeg is, gepleeg word of waarskynlik gepleeg gaan word;
 - (b) dat 'n persoon versuim het, besig is om te versuim of waarskynlik gaan versuim om aan 'n regsplig, waaraan daardie persoon onderhewig is, te voldoen;
 - (c) dat 'n onreg in die regspleging plaasgevind het, plaasvind of waarskynlik gaan plaasvind;
 - (d) dat die gesondheid of veiligheid van 'n individu in gevaar gestel is, in gevaar gestel word of waarskynlik in gevaar gestel gaan word;
 - (e) dat die omgewing beskadig is, beskadig word of waarskynlik beskadig gaan word;
 - (f) onbillike diskriminasie soos beoog in die "Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act, 2000 (Act No. 4 of 2000)"; of
 - (g) dat enige aangeleentheid bedoel in paragrawe (a) tot (f) opsetlik verberg is, verberg word of waarskynlik verberg gaan word;
 - (ii) "*beroepsnadeel*", in verhouding tot die beroepsgewing van die *werknemer*—

- (a) om aan dissiplinêre stappe onderwerp te word;
 - (b) om ontslaan, geskors, gedegradeer, geteister of geïntimideer te word;
 - (c) om teen sy of haar wil verplaas te word;
 - (d) om verplasing of bevordering geweier te word;
 - (e) om aan 'n beding of voorwaarde van diens of aftrede onderwerp te word wat tot sy of haar nadeel verander, of onveranderd gehou, word;
 - (f) om 'n getuigskrif geweier te word, of van 'n nadelige getuigskrif voorsien te word, deur sy of haar *werkgewer*;
 - (g) om aanstelling in 'n werk, professie of amp geweier te word;
 - (h) om met enige optrede bedoel in paragrawe (a) tot (g) hierbo gedreig te word; of
 - (i) om andersins nadelig geraak te word met betrekking tot sy of haar diens, professie of amp, met inbegrip van werkgeleenthede en werksekerheid;
- (iii) "*beskermdede bekendmaking*" 'n *bekendmaking* wat aan—
- (a) 'n regsadviseur ooreenkomstig artikel 5;
 - (b) 'n *werkgewer* ooreenkomstig artikel 6;
 - (c) 'n lid van die Kabinet of van die Uitvoerende Raad van 'n provinsie ooreenkomstig artikel 7;
 - (d) 'n persoon of liggaam ooreenkomstig artikel 8; of
 - (e) 'n ander persoon of liggaam ooreenkomstig artikel 9, gedoen word, maar sluit nie 'n *bekendmaking* in nie—
 - (i) ten opsigte waarvan die *werknemer* 'n misdryf pleeg by die doen daarvan; of
 - (ii) wat gedoen word deur 'n regsadviseur aan wie die betrokke inligting bekend gemaak is in die loop van die inwin van regsadvies ooreenkomstig artikel 5;
- (iv) "*hierdie Wet*" ook 'n regulasie ingevolge artikel 10 uitgevaardig
- (v) "*Minister*" die Kabinetslid wat vir die regspleging verantwoordelik is
- (vi) "*onbehoorlikheid*" enige gedrag wat binne enige van die kategorieë bedoel in paragrawe (a) tot (g) van die woordskrywing van "*bekendmaking*" val, ongeag of—
- (a) die onbehoorlikheid in die Republiek van Suid-Afrika of elders plaasvind of plaasgevind het; of
 - (b) die reg wat op die onbehoorlikheid van toepassing is dié van die Republiek van Suid-Afrika of van 'n ander land is;
- (vii) "*staatsorgaan*"—
- (a) enige staatsdepartement of administrasie in die nasionale of provinsiale regeringsfeer of enige munisipaliteit in die plaaslike regeringsfeer; of
 - (b) enige ander funksionaris of instelling wanneer—
 - (i) ingevolge die Grondwet of 'n provinsiale grondwet 'n bevoegdheid uitgeoefen of 'n funksie verrig word; of
 - (ii) ingevolge wetgewing 'n openbare bevoegdheid uitgeoefen of 'n openbare funksie verrig word;
- (viii) "*voorgeskryf*" voorgeskryf by regulasie ingevolge artikel 10.
- (ix) "*werkgewer*" 'n persoon—
- (a) wat 'n ander persoon in diens hou of werk aan die ander persoon verskaf en wat die ander persoon vergoed of uitdruklik of stilswyend onderneem om die ander persoon te vergoed; of
 - (b) wat iemand anders toelaat om op enige wyse in die voortsetting of bedryf van sy of haar besigheid behulpsaam te wees,
- met inbegrip van 'n persoon wat namens of op gesag van sodanige *werkgewer* optree;
- (x) "*werknemer*"—
- (a) 'n persoon, uitgesonderd 'n onafhanklike kontrakteur, wat vir iemand anders of vir die Staat werk en wat besoldiging ontvang of daarop geregtig is om besoldiging te ontvang; en
 - (b) enige ander persoon wat op enige wyse help om die besigheid van 'n *werkgewer* voort te sit of te bedryf.

Oogmerke en toepassing van Wet

2. (1) Die oogmerke van *hierdie Wet* is—
- (a) om 'n *werknemer*, hetsy in die privaat of openbare sektor, te beskerm teen onderwerping aan 'n *beroepsnadeel* omrede hy of sy 'n *beskermdede bekendmaking* gedoen het;
 - (b) om voorsiening te maak vir sekere remedies in verband met 'n *beroepsnadeel* wat gely is as gevolg van 'n *beskermdede bekendmaking* wat gedoen is; en
 - (c) om voorsiening te maak vir prosedures ingevolge waarvan 'n *werknemer*, op 'n verantwoordelike wyse, inligting aangaande *onbehoorlikhede* deur sy of haar *werkgewer* bekend kan maak.
- (2) *Hierdie Wet* is van toepassing op enige *beskermdede bekendmaking* na die datum van inwerkingtreding van hierdie artikel gedoen, ongeag of die betrokke *onbehoorlikheid* voor of na die genoemde datum plaasgevind het.

(3) 'n Bepaling in 'n werkskontrak of ander ooreenkoms tussen 'n *werkgewer* en 'n *werknemer* is nietig vir soverre dit—

- (a) die strekking het om 'n bepaling van hierdie Wet, met inbegrip van 'n ooreenkoms om regstappe kragtens hierdie Wet of regstappe vir kontrakbreuk in te stel of voort te sit, uit te sluit; of
- (b) (i) die strekking het om die *werknemer* daarvan te weerhou; of
- (ii) die uitwerking het om die *werknemer* te ontmoedig, om 'n *beskermdede bekendmaking* te doen.

Werknemer wat beskermdede bekendmaking doen, word nie aan beroepsnadeel onderwerp nie

3. Geen *werknemer* mag deur sy of haar *werkgewer* aan 'n *beroepsnadeel* onderwerp word op grond daarvan, of gedeeltelik op grond daarvan, dat hy of sy 'n *beskermdede bekendmaking* gedoen het nie.

Remedies

4. (1) 'n *Werknemer* wat in stryd met artikel 3 aan 'n *beroepsnadeel* onderwerp is, word of kan word, kan—

- (a) enige hof wat jurisdiksie het, met inbegrip van die Arbeidshof ingestel by artikel 151 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995), nader om gepaste regshulp; of
- (b) enige ander proses aanwend wat deur 'n wet toegelaat of voorgeskryf word.

(2) Vir die doeleindes van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, met inbegrip van die oorweging van enige aangeleentheid wat uit hierdie Wet voortspruit deur die Arbeidshof—

- (a) word 'n ontslag in stryd met artikel 3 geag 'n outomaties onbillike ontslag soos beoog in artikel 187 van daardie Wet te wees, en die geskil oor sodanige ontslag volg die prosedure in Hoofstuk VIII van daardie Wet uiteengesit; en
- (b) word enige ander *beroepsnadeel* in stryd met artikel 3 geag 'n onbillike arbeidspraktyk soos beoog in Deel B van Bylae 7 tot daardie Wet te wees, en die geskil oor sodanige onbillike arbeidspraktyk volg die prosedure in daardie Deel uiteengesit: Met dien verstande dat indien die aangeleentheid nie deur versoening besleg word nie, dit na die Arbeidshof vir beregting verwys kan word.

(3) 'n *Werknemer* wat 'n *beskermdede bekendmaking* gedoen het en wat redelikerwys glo dat hy of sy nadelig geraak kan word as gevolg van die *bekendmaking*, moet, op sy of haar versoek en indien dit redelikerwys moontlik of prakties is, verplaas word vanaf die pos of posisie wat hy of sy ten tyde van die *bekendmaking* beklee het, na 'n ander pos of posisie in dieselfde of 'n ander afdeling van sy of haar *werkgewer* of, waar die persoon wat die *bekendmaking* doen in diens van 'n *staatsorgaan* is, na 'n ander *staatsorgaan*.

(4) Die bedinge en voorwaardes van diens van 'n persoon wat ingevolge subartikel (2) verplaas word, mag nie sonder sy of haar skriftelike toestemming minder gunstig wees as die bedinge en voorwaardes wat onmiddellik voor sy of haar verplasing op hom of haar van toepassing was nie.

Beskermdede bekendmaking aan regsadviseur

5. 'n *Bekendmaking* wat gedoen word—

- (a) aan 'n regspraktisyn of aan 'n persoon wie se beroep met die verlening van regsadvies gemoeid is; en
- (b) met die doel van, en in die loop van, die inwin van regsadvies, is 'n *beskermdede bekendmaking*.

Beskermdede bekendmaking aan werkgewer

6. (1) 'n *Bekendmaking* wat in goeie trou gedoen word—

- (a) en wat wesenlik in ooreenstemming is met 'n prosedure wat voorgeskryf is, of wat deur die *werknemer* se *werkgewer* gemagtig is vir doeleindes van die aanmelding of ander regstelling van die betrokke *onbehoorlikheid*; of
- (b) aan die *werkgewer* van die *werknemer*, waar daar geen prosedure soos in paragraaf (a) beoog is nie, is 'n *beskermdede bekendmaking*.

(2) 'n *Werknemer* wat, in ooreenstemming met 'n prosedure wat deur sy of haar *werkgewer* gemagtig is, 'n *bekendmaking* aan 'n ander persoon as sy of haar *werkgewer* doen, word, vir die doeleindes van hierdie Wet, geag 'n *bekendmaking* aan sy of haar *werkgewer* te doen.

Beskermdede bekendmaking aan lid van Kabinet of van Uitvoerende Raad

7. 'n *Bekendmaking* wat in goeie trou aan 'n lid van die Kabinet of die Uitvoerende Raad van 'n provinsie gedoen is, is 'n *beskermdede bekendmaking* indien die *werknemer* se *werkgewer*—

- (a) 'n individu is wat ingevolge wetgewing deur 'n lid van die Kabinet of die Uitvoerende Raad van 'n provinsie aangestel is;
- (b) 'n liggaam is waarvan die lede ingevolge wetgewing deur 'n lid van die Kabinet of die Uitvoerende Raad van 'n provinsie aangestel is; of

- (c) 'n *staatsorgaan* is wat binne die verantwoordelikeheidsveld van die betrokke lid val.

Beskernde bekendmaking aan sekere persone of liggame

8. (1) 'n *Bekendmaking* wat in goeie trou gedoen word aan—
- (a) die Openbare Beskermer;
 - (b) die Ouditeur-generaal; of
 - (c) 'n persoon of liggaam wat vir doeleindes van hierdie artikel voorgeskryf is; en
- ten opsigte waarvan die betrokke *werknemer* redelikerwys glo dat—
- (i) die betrokke *onbehoorlikheid* binne 'n beskrywing val van aangeleenthede wat in die gewone loop van sake deur die betrokke persoon of liggaam gehanteer word; en
 - (ii) die inligting wat bekend gemaak word, en enige aantyging daarin vervat, wesenlik waar is, is 'n *beskernde bekendmaking*.
- (2) 'n Persoon of liggaam bedoel in, of voorgeskryf ingevolge, subartikel (1) wat van mening is dat die aangeleentheid meer gepas gehanteer kan word deur 'n ander persoon of liggaam bedoel in, of voorgeskryf ingevolge, daardie subartikel, moet sodanige hulp aan die *werknemer* verleen as wat nodig is ten einde die *werknemer* in staat te stel om aan hierdie artikel te voldoen.

Algemene beskernde bekendmaking

9. (1) 'n *Bekendmaking* wat in goeie trou deur 'n *werknemer* gedoen word—
- (a) wat redelikerwys glo dat die inligting wat bekend gemaak word, en enige aantyging daarin vervat, wesenlik waar is; en
 - (b) wat nie die *bekendmaking* vir doeleindes van persoonlike gewin, met die uitsondering van 'n beloning ingevolge 'n wet betaalbaar, doen nie,
- is 'n *beskernde bekendmaking* indien—
- (i) een of meer van die voorwaardes in subartikel (2) bedoel van toepassing is; en
 - (ii) in al die omstandighede van die geval, dit redelik is om die *bekendmaking* te doen.
- (2) Die voorwaardes bedoel in subartikel (1)(i) is—
- (a) dat die *werknemer* wat die *bekendmaking* doen ten tye daarvan rede het om te glo dat hy of sy aan 'n *beroepsnadeel* onderwerp sal word indien hy of sy die *bekendmaking* aan sy of haar *werkgewer* ooreenkomstig artikel 6 sou doen;
 - (b) in die geval waar geen persoon of liggaam vir doeleindes van artikel 8 in verband met die betrokke *onbehoorlikheid* voorgeskryf is nie, dat die *werknemer* wat die *bekendmaking* doen rede het om te glo dat dit waarskynlik is dat bewysmateriaal met betrekking tot die *onbehoorlikheid* verberg of vernietig sal word indien hy of sy die *bekendmaking* aan sy of haar *werkgewer* sou doen;
 - (c) dat die *werknemer* wat die *bekendmaking* doen voorheen 'n *bekendmaking* van wesenlik dieselfde inligting gedoen het aan—
 - (i) sy of haar *werkgewer*; of
 - (ii) 'n persoon of liggaam bedoel in artikel 8,
 ten opsigte waarvan geen stappe binne 'n redelike tyd na die *bekendmaking* gedoen is nie;
 - (d) dat die *onbehoorlikheid* van 'n buitengewone ernstige aard is.
- (3) By die vasstelling vir die doeleindes van subartikel (1)(ii) of dit redelik is vir die *werknemer* om die *bekendmaking* te doen, moet oorweging geskenk word aan—
- (a) die identiteit van die persoon aan wie die *bekendmaking* gedoen word;
 - (b) die erns van die *onbehoorlikheid*;
 - (c) of die *onbehoorlikheid* steeds voortduur of waarskynlik in die toekoms sal plaasvind;
 - (d) of die doen van die *bekendmaking* strydig is met 'n vertrouenspelig van die *werkgewer* teenoor 'n ander persoon;
 - (e) in 'n geval vermeld in subartikel (2)(c), enige stappe wat die *werkgewer* of die persoon of liggaam aan wie die *bekendmaking* gedoen is, gedoen het, of redelikerwys verwag kon word om te gedoen het, as gevolg van die vorige *bekendmaking*;
 - (f) in 'n geval vermeld in subartikel (2)(c)(i), of die *werknemer* by die doen van die *bekendmaking* aan die *werkgewer* aan enige prosedure wat deur die *werkgewer* gemagtig is, voldoen het; en
 - (g) die openbare belang.
- (4) Vir die doeleindes van hierdie artikel kan 'n daaropvolgende *bekendmaking* as 'n *bekendmaking* van wesenlik dieselfde inligting bedoel in subartikel (2)(c) geag word, waar sodanige daaropvolgende *bekendmaking* uitgebrei is tot inligting aangaande stappe wat gedoen is of nie gedoen is nie deur 'n persoon as gevolg van die vorige *bekendmaking*.

Regulasies

10. (1) Die *Minister* kan, na oorleg met die Minister vir die Staatsdiens en Administrasie, by kennisgewing in die *Staatskoerant* regulasies uitvaardig betreffende—

- (a) vir die doeleindes van artikel 8(1), aangeleentede wat, addisioneel tot die wetgewende bepalings wat op sodanige funksionariesse van toepassing is, in die gewone loop na die Openbare Beskermer of die Ouditeur-generaal, na gelang van die geval, verwys kan word;
- (b) enige administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig is om aan die bepalings van *hierdie Wet* gevolg te gee; en
- (c) enige ander aangeleentheid wat deur *hierdie Wet* voorgeskryf moet of kan word.
- (2) 'n Regulasie wat vir doeleindes van artikel 8(1)(c) uitgevaardig is, moet persone of liggame en die beskrywing van aangeleentede ten opsigte waarvan elke persoon of liggaam voorgeskryf word, spesifiseer.
- (3) 'n Regulasie ingevolge hierdie artikel uitgevaardig, moet aan die Parlement voorgelê word voor publikasie daarvan in die *Staatskoerant*.
- (4) (a) Die *Minister* moet, na oorleg met die Minister vir die Staatsdiens en Administrasie, praktiese riglyne uitreik ter verduideliking van die bepalings van *hierdie Wet* en alle prosedures wat ingevolge enige wet beskikbaar is aan *werknemers* wat 'n *onbehoorlikheid* wil aanmeld of andersins wil regstel.
- (b) Die riglyne bedoel in paragraaf (a) moet deur die Parlement goedgekeur word voor publikasie daarvan in die *Staatskoerant*.
- (c) Alle staatsorgane moet aan elke *werknemer* 'n afskrif van die riglyne bedoel in paragraaf (a) verskaf of moet redelike stappe doen om die betrokke kennisgewing onder die aandag van elke *werknemer* te bring.

Kort titel en inwerkingtreding

11. Hierdie Wet heet die Wet op Beskernde Bekendmakings, 2000, en tree in werking op 'n datum wat die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.